
# BOEKBEKENDSTELLING
## AANLYN

**Woensdag, 25 Mei 2022**
**19:00 SAST**

REGISTREER HIER



## KORTPAD-AFRIKAANS
### ’n Basiese grammatika

Rina Loader, Tobie van Dyk en Charlene Human

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en African Sun Media nooi u graag uit om die boekbekendstelling van *Kortpad-Afrikaans* by te woon.

Prof. Anne-Marie Beukes sal die verwelkoming waarneem. Prof. Wannie Carstens is die programleier en sal in gesprek wees met die outeurs, Rina Loader, Prof. Tobie van Dyk en Charlene Human.

OUTEUR



### Rina Loader

Na haar studie aan die Universiteite van Pretoria en Suid-Afrika stig Rina Loader die *Ateljee dell´Arte*, ´n privaatskool vir onderrig in kommunikatiewe kinderdrama. Sedert 1999 is sy lektrise in Afrikaanse taal-, letterkunde en Suid-Afrikaanse landkunde in die Instituut vir Europese en Vergelykende Taal- en Literatuurwetenskap aan die Universiteit Wene, Oostenryk. Hier speel sy ´n aktiewe rol om Afrikaans in verskillende dele van Europa te bevorder en is webmeester van die webblad *Afrikaans in Europa*.

### Prof. Tobie van Dyk

Prof. Tobie van Dyk is verbonde aan die Skool vir Tale aan die Noordwes-Universiteit. Hy is ‘n toegepaste taalkundige van nering en sy spesialisasie is op die terrein van taal vir spesifieke doeleindes en in die besonder taaltoetsing, akademiese taalvermoë en die ontwikkeling van akademiese geletterdheid.



OUTEUR

OUTEUR



### Charlene Human

Charlene Elsee Human het haar B.A. (Ed.)-graad in 1994 aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) verwerf. Daarna het sy onder andere Afrikaans en Spraak en Drama onderrig. In 2000 het sy haar Lisensiaat in Spraak en Drama verwerf. In 2013 verhuis Charlene saam met haar gesin van Roodepoort na Potchefstroom. Vanaf 2015 bied sy die kursus Afrikaans vir Beginners vir voor- en nagraadse studente van die Noordwes-Universiteit aan. Sy is ook betrokke by die Kortkursusse, wat veral gemik is op personeel en kursusgangers van buite-instansies.


### Prof. Anne-Marie Beukes

Anne-Marie Beukes is die Uitvoerende Hoof van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en emeritus professor in die Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek aan die Universiteit van Johannesburg. Sy lewer 41 nagraadse magister- en doktorale studente af en tree op as eksterne eksaminator op internasionale en nasionale vlak.



SPREKER

SPREKER



### Prof. Wannie Carstens

Prof Wannie Carstens is tans buitengewone professor aan die NWU nadat hy einde 2017 as professor in Afrikaanse taalkunde afgetree het. Hy is ‘n voormalige direkteur van die Skool vir Tale aan die NWU. Hy is die outeur of medeouteur van ses akademiese boeke asook mederedakteur van vier boeke. Hy is al sedert 2003 ‘n gegradeerde navorser van die NNS.

ICELDA Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment

universität wien

NWU®

AFRICAN SUN MEDIA

www.africansunmedia.co.za    orders@africansunmedia.co.za